*Sondag* **19 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 115**
**Fokusgedeelte: Psalm 115:3, 9-11, 18**

**Ons lofprysing mag nooit verstom nie!**

Ons leef so maklik asof ons God eintlik maar net soos enige afgod is … Afgode is mensgemaak, nadat dit deur die mens se verstand uitgedink is (Jes. 44:9-20). Hulle is stom, blind, doof en lam (vs 4-8). Dus, magteloos! Die psalmdigter sê dan ook nie sonder rede dat dié wat sulke gode aanbid, net soos hulle sal word nie. Stom, blind, doof en lam! Leweloos in die ewige verderf!

Maar – leef ons nie maar ook dikwels asof die enigste, ware lewende God, wat ons aanbid en liefhet, nie met ons kan praat nie, want ons is nie so ywerig om na Hom te luister uit sy Woord nie. Asof Hy nie kan sien waarmee ons besig is nie, nie kan hoor wat ons alles praat nie. Asof Hy magteloos is, en ek maar my eie plannetjies moet maak …

Nee, Hy is in die hemel, en alles wat Hom behaag, doen Hy! Hy, en Hy alleen is soewerein en vrymagtig. Wat Hom behaag vir jou lewe, realiseer as ’n daaglikse werklikheid, of dit nou na ons smaak is of nie, of ons daarvan hou of nie …

Omdat alles uit sy Vaderhand ons toekom, kan en moet ons in voorspoed dankbaar, en in teëspoed geduldig wees (Heidelbergse Kategismus, Sondag 10). Daarom vertrou ons alleen op Hom!

By herhaling hoor ons in hierdie Psalm dat Hy ons hulp en ons skild is. Dit beteken dat Hy ons help en ons beskerm, wat in die kruisdood, opstanding en hemelvaart van ons Here, Jesus Christus vir ons ’n heerlike, verkwikkende en vertroostende werklikheid geword het! Hy help deur sy verlossende genade, en beskerm deur sy Woord en Gees!

Daarom moet die Halleluja’s vanuit ons hele wese en lewe uitkring, gehoor en gesien word hier op die aarde, en vanuit God se woonplek, die hemel! Ons lofprysing mag nooit verstom nie! Ons moet Hom prys, nou en vir altyd! Halleluja!

*Sing: Psalm 117 (wysie Ps. 59)*

*Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Emeritus)*